

# MEER AS NET NOG 'N GODSDIENS

**Christen-wees is meer as bloot om net  
godsdiensdig te wees**

Inleidend.....	3
Hoofstuk 1 In die prokureur se kantoor .....	4
Hoofstuk 2 Die hart van die nuwe verbond.....	7
Hoofstuk 3 Die kruis van Jesus het die verskil gemaak.....	10
Hoofstuk 4 Vat 'n slukkie nuwe wyn.....	14
Hoofstuk 5 God self het in ons kom woon.....	17
Hoofstuk 6 Ek erf 'n volkome verlossing.....	20
Hoofstuk 7 Verlos van my verlede.....	25
Hoofstuk 8 Verlossing is die werk van God alleen .....	29
Hoofstuk 9 'n Heilige vrees .....	32
Hoofstuk 10 Laat die Gees van God julle lei .....	35
Hoofstuk 11 Jy erf om ander te dien .....	39

## **Inleidend**

Ek wil graag 'n bietjie met jou gesels oor jou erfenis as verbondsmens in terme van die nuwe testament of nuwe verbond wat ons s'n is in Christus Jesus.

Ek weet ek kan in hierdie gesprek die gewone Bybelse terme gebruik – en so 'n paar van julle miskien “beïndruk” – maar die meeste van julle ken my darem nou al goed genoeg om te weet dat ek uitgedaag voel om te probeer om dinge nuut oor te sê in 'n taal wat meeste van ons elke dag gebruik.

'n Ander rede waarom ek “nuut” probeer praat is sodat jy dit wat ek sê, makliker vir iemand daar by die werk kan oorvertel sonder dat hy dalk dink jy kom van mars af.

Mag my gesprek my jou deur die Here gebruik word om jou so te seën dat jy weer ander kan seën.

September 2004

Posbus 3114

Somerset-Wes 7129

Tel 021-8510003

Sel 0827702397

E-pos: [nchristo@lantic.net](mailto:nchristo@lantic.net)

## Hoofstuk 1 In die prokureur se kantoor

Ek weet nie wanneer laas het jy 2 Kor. 3 gelees nie. Hierdie hoofstuk het my weer tussen die oë getref en weer van nuuts af vir my lewendig geword. Soveel so dat ek opgewonde is oor wat God werklik in Sy mense se lewens wil doen. Kom ek haal vir 'n slag uit die NIV verse 6 tot 18 vir jou aan:

*“He has made us competent as ministers of a new covenant— not of the letter but of the Spirit; for the letter kills, but the Spirit gives life. Now if the ministry that brought death, which was engraved in letters on stone, came with glory, so that the Israelites could not look steadily at the face of Moses because of its glory, fading though it was, **will not the ministry of the Spirit be even more glorious?** If the ministry that condemns men is glorious, how much more glorious is **the ministry that brings righteousness!** For what was glorious has no glory now in comparison with the surpassing glory. And if what was fading away came with glory, **how much greater is the glory of that which lasts!** Therefore, since we have such a hope, we are very bold. We are not like Moses, who would put a veil over his face to keep the Israelites from gazing at it while the radiance was fading away. But their minds were made dull, for to this day the same veil remains when the old covenant is read. It has not been removed, because only **in Christ is it taken away.** Even to this day when Moses is read, a veil covers their hearts. But whenever anyone turns to the Lord, **the veil is taken away.** Now the Lord is the Spirit, and where the Spirit of the Lord is, **there is freedom.** And **we, who with unveiled faces all reflect the Lord’s glory, are being transformed** into his likeness **with ever-increasing glory, which comes from the Lord, who is the Spirit.**” (al die “bold” is natuurlik my eie werk!)*

Hoor jy wat sê God hier oor Sy mense? Dat hulle lewens, deur die werking van Sy Gees, 'n heerlikheid gaan vertoon wat mense meer gaan verblind as die blink op Moses se gesig destyds! Wow! Dit maak 'n mens opspring en maak jou lus om vir almal te vertel ... Maar dit maak my ook krielrig, want as ek na my eie en ander se lewens om my kyk, sien ek bitter min van hierdie blink. Die ding wat my amper desperaat na God laat roep is die tragiese toestand van die lewens en verhoudinge van Christene rondom my in die binnekring van die Christelike gemeentes. Ek is oortuig dat as ons weer iets verstaan van ons erfenis in Christus en die Gees van Christus ruimte gee om Sy volle werk in ons te doen, gaan dit ons elkeen se lewens radikaal en ingrypend verander en “laat blink” met 'n nuwe heerlikheid, soos God belowe het.

Dit word des te meer noodsaaklik as ek luister na wat in die naam van “God se verbond” geleer en gepredik in sekere kringe in die Liggaam van Jesus. Aan die eenkant hoor ons in streng gereformeerde kringe hoe aan mense, wat as suigeling besprinkel is, verkondig word dat hulle “deel is van die gemeente van Jesus” en dus nie nodig het om tot bekering te kom nie, maar reeds deel het aan die ewige lewe.

Aan die anderkant word 'n stuk oppervlakkige “prosperity” geleer in die vernuwing asof dit nou deel sou wees van die nuwe verbond en die erfenis is van elkeen wat deel is van “die nageslag van Abraham”. Daarom weet ek is dit so lewensnoodsaaklik dat ons 'n slag gaan

stil sit en begin nadink oor wat alles in hierdie nuwe testament bepaal word wat deel is van ons erfenis as God se nuwe familie in Christus Jesus.

Kom ek teken dit 'n bietjie anders: Dit is asof ons hierdie brief van die prokureur kry wat ons uitnooi na sy kantoor om ons as die begunstigdes in te lig oor wat staan in die nuwe testament wat erf ons en hoe dit ons lewe vorentoe gaan raak. Dink jou net in as jy daar moet hoor jy erf 'n miljoen pond! Hoe gaan dit jou lewe raak?

So kom Paulus op 'n paar plekke in van sy briewe "as God se prokureur" en spel vir ons uit wat is ons erfenis as Christene in die lig van Jesus se kruisdood. Blaai daar na Ef. 1 toe en lees bv wat sê hy daar van vers 3 tot 13 oor ons erfenis.

*"Ek het gekom dat julle die lewe kan hê en dit in oorvloed ..."* het Jesus gesê. Daarvoor het Hy Sy lewe aan 'n kruis gegee en gesterf. Sodat ons, in plaas van totaal bankrot, kon erf uit die oorvloed wat Hy met Sy dood (en opstanding) vir ons bewerk het. Maar daarvoor moes Hy ook Satan en sy magte verslaan, en het Hy uit die dood opgestaan as teken dat Hy hom totaal verslaan het ... Om aan al Sy volgelinge wat glo, 'n nuwe lewe te kan gee as geskenk deur die werking van Sy Gees.

Daarom kom ek in die volgende paar weke – in Sy diens en opdrag - as't ware deur Sy Gees en nooi jou uit na my kantoor om vir jou die nuwe testament/verbond se bepalings te lees sodat jy kan weet wat wetlik joune is as erfgenaam in Christus Jesus.

Hoeveel mense in die Liggaam van Jesus sit nie vasgevang in allerlei sondes en bindinge nie! Hoeveel word nie elk dag verwar en verlei deur allerlei valse leringe nie! Miskien sit jy self vasgevang. Dan het ek vir jou en ander goeie nuus: Die nuwe testament/verbond se bepalings maak voorsiening vir absolute, volkome verlossing en vryheid vir ons elkeen. Luister mooi, God wil ons nie net vergewe nie. God wil ons totaal vry maak ... totaal verlos ... totaal genees.

Kom ons blaai na Ps 89 toe en lees vers 34 saam: *"Ek sal my verbond nie versaak nie, nie een van my beloftes terugtrek nie."*

As die Bybel die woord "verbond" gebruik, dui dit op 'n ooreenkoms of belofte tussen 2 of meer partye. Ons beskryf dit deesdae as 'n kontrak of testament.

- Net soos sy moderne eweknie, bevat dit bepalinge en voorwaardes.
- Meeste van ons wat die Bybel ken, weet dat hierdie verbond of ooreenkoms van God met Sy mense, 'n geweldig belangrike rol speel in ons lewens as God se mense. Dit is so belangrik dat ons die versameling boeke en geskrifte wat voor Christus se koms geskryf is, beskryf as Ou Testament/verbond, en die geskrifte wat na Christus se koms geskryf is beskryf as Nuwe Testament/verbond.

As jy fluks is, kan jy na so 'n paar ander teksgedeeltes toe blaai net om so 'n proe te kry van wat die Bybel oor die nuwe verbond sê: Rom. 7:6-8:39; Gal. 2:15 tot 6:18; Hebreërs 8:6-13; 10:15-17; ens.

As ek ten slotte 'n paar opmerkings oor hierdie nuwe testament mag maak sou ek graag die volgende wou sê:

- Dit is 'n testament wat God, die Vader, saam met Sy Seun voor die skepping van die wêreld met mekaar saam opgestel het.
- Die hart van die bepalings van hierdie testament is bedoel om 'n verlore mensdom te bevry uit die mag van satan en sy magte. Sien, die mensdom was tot die dood toe siek en in skuld. In hierdie testament formuleer God 'n plan waarvolgens ons deur die dood van Sy Seun gesond en ten volle bevry kan word.
- Daarom hoor ons – as deel van die bepalings van hierdie verlossingsplan - hoe die Seun belowe om mens te word en op aarde 'n lewe te leef van volkome gehoorsaamheid (“My wil is om die wil van My Vader te doen” – Joh. 4:34). Tydens hierdie lewe op aarde sal Hy begin om lewe te bedien aan mense (Jes. 61:1 tot 3) dat hulle kan begin om iets van die “oortloef van die seën” te proe waarin hulle gaan deel as erfgename na Sy dood. Om uiteindelik Sy lewe neer te lê en te sterf sodat Sy volgelinge 'n nuwe lewe kan erf (Joh. 10:17,18)
- Maar ons hoor ook die Vader se beloftes aan die Seun: Ek sal jou My Gees gee sonder perk (Joh. 3:34); Hy rus op jou (Jes. 61:1 en Luk. 3 en 4); Ek sal vir jou 'n Vader wees en Jy My Seun (Heb. 1:5); Ek sal jou 'n naam gee soos geen ander naam (Fil. 2:8-10); Na Jy met jou werk klaar is, sal Ek jou heerlijkheid herstel (Luk. 24:26). Ons hoor hoe die Vader Sy Seun gee. En hoe die Seun Sy lewe gee. Sodat ons die vrugte kan pluk (Joh. 1:12; 3:16; Rom. 3:21-24)

In Joh. 17:22 en 23 hoor ons Jesus se gebed vir ons, Sy erfgename: *“Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.”* Ons hoor Hom ook belowe: *“Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.”* Daarom kan ons met vertroue sê: *“Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?”* (Heb. 13:5b en 6)

Hierdie Verbondsgod kan ons vertrou om Sy belofte werk in ons – volgens Sy nuwe testament se bepalings – te doen, soos Judas 1:24 en 25 sê: *“Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle onbevlek en met vreugde sy heerlijkheid te laat aanskou, aan die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus ons Here, aan Hom behoort die heerlijkheid en die majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid! Amen.”*

## Hoofstuk 2 Die hart van die nuwe verbond

Ons sit as't ware in die prokureurskantoor en is besig om te gesels oor die inhoud van die nuwe testament/verbond en wat dit vir ons beteken as erfgename in Christus. Jesus Christus het immers gesterf en opgestaan, en ons, as Sy volgelingen en familie, erf wat Hy en die Vader ooreengekom het om aan ons na te laat.

Kom blaai saam met my na twee gedeeltes: Jer. 31:31-34 en Eseg. 36:24-28. Ek haal so 'n paar verse hier en daar vir jou hier aan:

- Jer. 31:31 ev: *"Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit...Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie."*
- Eseg. 36:24ev: *"Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land toe bring. Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom."*

Die hart van die Evangelie is dat die Jesus wat gesterf het - om so ons verlossing moontlik te maak - opgestaan het uit die dood. Daarsonder is daar nie sprake van enige goeie nuus nie. As dit nie gebeur het nie, het ons niks sinvol gehad om vir mense te vertel as Christene nie, want dan was die Bybel maar net nog 'n boek en was ons geloof maar net nog 'n bygeloof soos al die ander.

Dwarsdeur Handeling en briewe van Paulus lees ons dat Sy opstanding, die oop graf, die vertelling van oorblufte getuies oor hulle ontmoeting met 'n lewende, opgestane Here, die kern was van die Goeie Nuus wat hulle wou oortel. Dit was wat hulle lewens verander het. En dit is die aanleidende gebeurte wat maak dat ek en jy nou kan sit en gesels oor wat ons erf as Sy volgelingen op grond van die Nuwe Testament wat Hy nagelaat het.

Dit is wonderlik om te sien watter beelde of metafore die Bybel gebruik om ons te help om presies te verstaan wat ons erf. Een van hierdie beelde is die van "verlossing", "bevryding" of "genesing". Ons was gebind, en nou erf ons in Jesus om verlos en bevry te wees. Ons was bankrot, maar nou is ons skuld betaal. Ons was dodelik siek, eintlik reeds dood, maar nou is ons genees. Christus Jesus het immers gesterf en opgestaan. Nou erf ons LEWE.

Kom ek probeer dit op 'n paar ander maniere sê: Die magte wat die mensegeslag deur die eeue na die sondeval gebind het, se mag is gebreek. Sonde, die duiwel en die dood se houvas oor ons is gebreek. Ons is bevry, los, om vir die eerste keer in hoofletters te kan leef.

Hoor hoe sê Paulus dit daar in Ef. 1:6: *"Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God"*.

Watter goeie nuus is dit nie! Ons ken die mag van sonde.

- Die verwoestende gevolge daarvan besmet immers elke dag elkeen van ons se lewens, elke gemeenskap waarin ons woon en elke verhouding waarin ons is.
- Ons ken ook die krag van die bose, sy verleiding en die houvas wat hy op mense en dinge het.
- Ons ken almal die bitter finaliteit van die dood, die vrees vir sy donkerte en die tranen en rou as sy spore deur ons familie en vriendekring geloop het.

Al hierdie gesigte en gestaltes ken ons maar te goed. Maar nou kan ons as Christelike gelowiges - wat hulle erfenis in die lig van die nuwe testament verstaan - bely:

Hoe julle ons ook al wil bind en skade berokken, julle houvas is verbreek! Ons skuld is betaal. Vir die sonde-siekte in ons are is 'n teëmiddel ontdek. Die tronkdeure is oopgesluit en selfs die dood het nou vir ons net 'n deur geword na 'n ander lewe in Jesus.

Ons is vry. Om nog meer vry te word. Ons is genees om verder gesond te word. Ons skuld is betaal, sodat ons nou kan leer om nie weer skuld te maak nie.

Daarvoor het God Sy Gees gegee om in ons te woon. Om ons hierin verder te begelei en te leer.

Jesus het gesê hierdie nuwe "Gees" in ons gaan ons help om die Een wat gesterf en opgestaan het, se heerlijkheid nog beter te sien. Hoor hoe sê Hy dit daar in Joh. 16:14: *"Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."*

Oral oor die wêreld is God se Gees besig om meer en meer van die heerlike implikasies van die verlossing in Christus Jesus vir ons oop te breek. Help Hy ons om in die proses die heerlijkheid van die Opgestane Een, Jesus Christus, en Sy Vader te sien.

Soos 2 Kor. 3:17en 18 sê: *"Die Here" beteken hier "die Gees", en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid. Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggenem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."*

Die Vader het Homself aan ons geopenbaar deur Sy Seun, wie meer en meer aan ons getoon word deur die Heilige Gees in ons.



So leer ons Sy liefde en die krag van Sy opstanding ken. Dit maak ons meer en meer vry om te verstaan hoe vry ons eintlik reeds is. En in die proses sien mense om ons meer en meer van Jesus, Sy heerlikheid, Sy krag, Sy bevryding in ons.

Dit alles is die werk van Sy Gees, Sy “Prokureur” in ons. Gee daarom ruimte aan Sy Gees in jou! Hy wil jou heelyd herinner aan Jesus en wat Hy gesê het. Hy wil jou help om jou erfenis en die implikasies daarvan te begryp.

Daarom beskryf Paulus Hom daar in Ef. 1:12-14 as die “waarborg” van wat nog kom. Luister ‘n bietjie: *“Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys. Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.”*

Daar in Ps. 124 het Totius dit so verwoord: *“Die getroue Heer het self ons vrygemaak: die strik is los en ons het vrygeraak, vry soos ‘n voël wat vind sy vryheid weer. Die ewige God, van alle dinge Heer, Hy is ons hulp, Hy het ons vrygemaak.”*

Dit is die boodskap van mense wat die hart van die Evangelie verstaan. Wat verstaan dit wat ons glo is meer as net nog ‘n godsdiens, want Jesus het waarlik opgestaan. Ons het immers ‘n lewende verhouding met Hom elke dag deur die werking van Sy Gees in ons geërf. Hy self leer ons hoe om te lewe as mense wat waarlik vry en nuut geword het.

### Hoofstuk 3 Die kruis van Jesus het die verskil gemaak

Kom ons lees daar uit **Ef. 1:13 tot 21**. Laat ek so 'n paar verse vir jou aanhaal:

*“Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys... Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlijkheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo....”*

Ons sit nog steeds by die prokureur in sy kantoor sodat hy aan ons kan verduidelik wat ons geërf het volgens die nuwe testament na Jesus se dood en opstanding.

Ons hoor hoe daar gesê word: In Jesus ...

- Is ons **verlos** – ons skuld, as gevolg van ons sondes, is betaal deur Jesus Christus, die Seun van God, wat mens geword het. Ons is vergewe.
- Is ons **bevry** - die houvas wat die bose oor ons gehad het, is gebreek. Die tronkdeure, die boeie van sonde wat ons gebind het, is oopgesluit. In Jesus, deur Sy dood en opstanding, en Sy lewe in ons, het ons 'n sleutel wat alle tronkdeure kan oopsluit.
- Is ons **genees** – die eeue-lange dodelike siekte waaraan ons gelei het saam met die res van die mensdom – wat letterlik in ons are geloop het en waarmee ons gebore is – is deur die antiserum van Jesus se dood en opstanding, en die nuwe lewe wat Hy aan ons skenk deur die werking van Sy Gees nou in ons, is genees. Daarom het selfs die dood geen houvas meer op ons nie.

Dit het wonderlike implikasies vir elke erfgenaam in Jesus se lewe! Maar om iets daarvan te verstaan moet ons 'n slag eerlik en persoonlik raak. In sommige van ons se lewens is daar 'n worsteling aan die gang met dinge soos vrees, gevoelens van nutteloosheid, verwerping, skuld, skaamte, veroordeling, twyfel aan jouself en jou eie vermoëns ... jou doel en plek op hierdie aarde. Ander van ons worstel met kroniese emosionele en fisiese siektes wat uiteindelik teruggevoer kan word na wortel-oorsake wat eintlik op 'n geestelike vlak lê. Talle worstel met verslawing van die een of ander aard, of gevoelens van hopeloosheid, moedeloosheid, bekommernis, angs, rousmart, onvergewingsgesindhede, trots, woede, ontkenning, rebellie, ens.

Terwyl Jesus aan die kruis reeds gesê het: Dit is afgehandel! Verstaan jy wat dit beteken, erfgenaam? Ons het nie meer nodig om so te ly nie! Ons is verlos; ons is bevry; ons is genees. Dit is deel van ons erfenis in Jesus Christus.

Miskien kan jy “Amen” en “halleluja” daarop sê. Maar die ellende is, al weet jy dit, kom jy nie los nie, voel jy nie vry nie, worstel jy nog steeds met simptome van die “siekte”.

Uit eie krag en mag kan ons nie vry word nie. Geen selfhelp-tegniek werk hier nie! Net die Heilige Gees, die Gees van Jesus Christus, wat in ons as erfgename volgens die Nuwe Testament woon, kan ons verder vrymaak.

Hoe doen Hy dit?

- Dit is Hy wat daar voor ons bekering, die Ou Verbond en sy bepalings gebruik het om ons sondigheid en totale verlorenheid as mens in die algemeen oop te vlek. Dit is Sy boodskap oor God se heiligheid, oor God se soeke na volkome gehoorsaamheid, wat ons laat roep het na ‘n Verlosser ... na Jesus Christus.
- Waarom doen die Heilige Gees dit? Sodat die mens aan die einde van hom- of haarself kan kom. Sodat ons op ‘n punt kan kom om uit te roep soos daar in **Hand. 2:37**: *“Wat moet ons doen om gered te word?”* (ja, selfs al was ons “verbondsmense – Ou Verbondsmense!) Kan ek jou vra: Het die Ou Verbond reeds sy werk in jou lewe gedoen? Het jy al êrens in jou lewe jou totale verlorenheid besef? Het jy al êrens begryp dat daar in jou, in jou eie vlees en eie pogings, niks goed is nie? Of dink jy nog steeds dat jy met ‘n bietjie hulp self daardie gewoontes van jou die stryd kan aansê en kan verander? Die Gees van God nooi jou vandag, in die lig van die boodskap van die Nuwe Testament, uit om op ‘n punt te kom om te sê: Here, ek is moeg, tot die dood toe moeg, vir al hierdie gemors in my lewe. Help my!
- Hy skep in ons ‘n begeerte om werklik vry te wees. Van nature is ons onwillig om te verander, maar deur die werking van die Gees in ons word hierdie drang om werklik vry te wees net groter en groter.
- Hy bring ons op daardie punt om totaal oor te gee sodat God dit moet doen ... Waar ons sê: Here, help!

Sien, die oomblik as ons daar is, kan ons werklik eerlik oor die seëninge van die nuwe verbond gesels. Dan kan ons mekaar neem na **Heb. 8:8 en 9** en sê: In Christus, deur geloof in Sy dood en opstanding, deur Sy lewe deur die werking van Sy Gees in ons, is ons verlos uit ons eie Egipte, en wil die Gees ons uitlei uit ‘n lewe van slawerny in ‘n nuwe lewe van ware vryheid en genesing.

Dit is dan wat ons mekaar kan neem na **Hand. 3:25 en 26** en sê: Hoor jy, God wil jou in Jesus Christus, deur hierdie nuwe lewe in jou, deur die leiding en werking van Sy Gees in jou, seën!

Die hart van hierdie seën is dat Hy jou, deur Sy Gees in jou, wil leer wat dit beteken op werklik verlos, bevry en genees te wees. Hy wil jou leer om dit te glo, en dan toe te laat dat Hy jou verder leer om in die lig daarvan verder te lewe.

Kom ek sê dit so: Deur die werking van die lewe van Jesus Christus in jou, deur die werking van Sy Gees, gaan Hy jou, as verlose, leer om elke dag meer van jou verlossing te begryp en te beleef. Hy gaan jou, as klaar-bevryde in Jesus, leer om prakties meer van jou bevryding in die gewone van jou lewe te ervaar aan jou eie bas. Hy gaan jou, as klaar-geneesde mens in Jesus, leer om verdere genesing te beleef in ander areas van jou lewe.

Dit is soos hierdie predikant wat reeds vir 15 jaar vry was van 'n ernstige dwelmprobleem. Hy was die direkteur van 'n dwelmrehabilitasiekliniek. Maar toe begin hy weer gebruik. Elke keer as hy weer heroïen gebruik het, het hy so skuldig gevoel en uitgeroep: Here, hoe kan ek, na al die jare van vryheid, na al U goedheid in my lewe!

Dit was die Gees van God wat weer hom gehelp het om **Miga 7:18,19** te hoor waar daar staan: "Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde, U straf nie die sonde van dié wat uit u volk oorgebly het nie. U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde. Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sonde tot niet maak, U sal al hulle sondes in die diepsee gooi."

Dit is hierdie Gees wat hom help verstaan het dit is weereens 'n keuse wat hy moes maak dat net God alleen hom kan vrymaak deur die werking van Sy Gees.

Dit is hierdie Gees wat ons daar by die prokureur se tafel, aan die voet van die kruis van Jesus en voor die oop graf, weer daaraan herinner dat die oorlog in ons lewe teen sonde, teen die bose, teen siekte en die dood, nie ons s'n is nie, maar God s'n is deur Sy Gees.

Daarom kom Paulus daar in **Rom. 8:13** en sê dat die groot geskenk van die Nuwe Testament of nuwe verbond aan gelowiges in Jesus, die Heilige Gees is. Hy is gestuur om in ons te kom doen wat ons nie self kan doen nie. Daarom woon Hy in elkeen van ons (**Rom. 8:14**). Daarom is Hy daar om ons te lei en te leer.

Leer om Hom in jou te vertrou. Gee weer opnuut oor aan Hom. Sodat Hy sy werk kan doen. Dit is Hy wat sonde se houvas in jou lewe sal breek. Hoe? Ek weet nie presies nie. Al wat ek weet is dat ...

- Hy jou oë sal oopmaak. Hy sal jou insig gee in jou probleem.
- Hy sal mense en Sy gawes gebruik om jou te bedien. Hy sal die Woord gebruik. Die waarheid wat Hy aan jou bedien sal jou vrymaak.
- Sy liefde sal jou vrymaak.
- Die lewe van Jesus in jou sal jou vrymaak sodat jy deur Sy wonde genees kan wees.
- Hy sal jou in die proses help om God beter te leer ken ... om Sy liefde beter te leer ken ... en Sy krag ... dieselfde krag wat Jesus uit die dood laat opstaan het ... wat elke houvas van die bose, elke vesting van die bose kan afbreek. (**Ef. 1; 3**)

Wat is ons rol? Om dit te glo. Deur geloof gee ons totaal oor. Deur geloof leer ons om alles vir Hom te los. Deur geloof leer ons om Hom totaal te vertrou (**Sag. 4:6**). Deur geloof leer ons luister na Sy influistering en leer ons om dit in detail te gehoorsaam.

God vra dus van jou as erfgenaam in Jesus een tree: Kies om hierdie dinge te glo, om dit te vat met die leë hande van geloof.

## Hoofstuk 4 Vat 'n slukkie nuwe wyn

Hier in die Wes Kaap weet ons van wyn en wyn maak. Meeste van ons het suksesvolle wynmakers en wynboere in ons vriendekring. Daarom neem ek vandag vrymoedigheid om ons erfenis en roeping as erfgename in Christus Jesus volgens die Nuwe Testament in hierdie terme uit te spel.

Blaai saam met my na twee gedeeltes waar ons hierdie beeld kry: Luk. 5:37 en 38 en Joh. 2:1 tot 11.

Soms gebruik God se Gees net 'n woord uit die Skrif om iets in jou "aan te skakel", en jy weet net jou lewe gaan nooit weer dieselfde daarna wees nie. Luk 5:37 tot 38 was so 'n woord in my persoonlike lewe: "En niemand gooi nuwe wyn in ou velsakke nie. As hy dit sou doen, sal die nuwe wyn die velsakke laat oopbars. Dan is die wyn vermors en die sakke daarmee heen. Nee, nuwe wyn moet in nuwe velsakke gegooi word."

Hierdie selfde beeld van wyn, nuwe wyn, kry ons ook in Joh. 2: 1 tot 11 waar Johannes ons vertel van Jesus se eerste wonderwerk, en dit nogal toe Hy sowat 600 liter nuwe wyn "gemaak het" vir die gaste op 'n sewedaagse Joodse huwelik. Wat 'n verleentheid was vir die gasheer, het skielik verander in die fees van feeste, want sulke wyn het niemand nog geproe nie!

Kyk net hoe Jesus dit gedoen het: Al wat die kelners moes doen was om gewone water te gooi in die ses kanne wat daar leeg gestaan het. Hulle was leeg omdat die water wat daarin was gebruik is om al die gaste se voete te was – soos die tradisionele wettiese gebruik was. Daarna moes die kelners net 'n beker daarvan neem en aan die seremoniemeester gee – en daarna natuurlik aan al die gaste. Toe hy dit drink was dit wyn ... nuwe wyn .... soos hy nog nooit geproe het nie ... die beste van beste – en dit was nie eers verdun met water soos die gebruik destyds was nie.

Ek wil nie lang stories hiervan maak nie. Wat in my gees hier vasgesteek het is dat God ons as erfgename in Christus, deur die werking van Sy Gees, gaan gebruik om iets soortgelyk soos Jesus te doen daar waar God ons die verhoë gee. Ons gaan in situasies instap waar mense om baie redes verleë staan met bepaalde behoeftes, en al wat ons moet doen is om die gewone water van die Woord in gewone tradisionele houers in te gooi (dit kan geleenthede of taal of gebruike wees, waar ons letterlik vir 'n Jood 'n Jood en 'n Griek 'n griek word). God sal self deur die krag en gawes van Sy Gees die bonatuurlike laat gebeur as daardie "water" mense se lewens tref en dit verander in nuwe wyn. Wat ten minste die eienskap het dat dit hulle lewens radikaal gaan verander.

Dit is asof elkeen van ons wat die inhoud van ons erfenis in Christus – volgens die terme van die nuwe testament – deur die werking van die Heilige Gees verstaan en self daardeur verander is, 'n spesialis "wynmaker" gaan word. Ons gaan - wat ons betref - die "gewone water van die Woord" vir mense aanbied in houers wat vir hulle nie vreemd is nie, en God gaan, deur die werking van Sy Gees, die wonders laat gebeur. Hy gaan dit wat ons vir hulle

aanbied laat verander in nuwe wyn, wat letterlik van situasie tot situasie gaan verskil na gelang die spesifieke behoeftes van die “gehoor”.

Toe God my taakoms krywing as “wynmaker” vir my gegee het, het dit iets soos die volgende geklink: “This will be a place of healing, teaching, restoration and new birth ...”

Kom ek sê dit anders: Vra jy my wat brand hier in my gees ... watter soort wyn wil ek bedien aan mense ... wat maak dat ek wil opstaan en dat ek doen wat ek moet doen ... waarvoor ek my lewe tans wil en sal gee, dan wil ek graag die volgende antwoord:

- Om plekke te skep waar mense kan heel word na gees, siel en liggaam omdat hulle daar bedien word met die waarheid van die Woord en die krag en gawes van die Gees
- Om ruimtes en geleenthede te skep waar mense geleer kan word dat hulle almal leiers van een of ander aard is wat ‘n verskil kan maak, al is dit net in een ander mens se lewe
- Om kreatiewe hulpmiddels en geleenthede te skep waardeur die restourasie- of herstelproses in elke area en verhouding in hulle lewe effektief gefasiliteer kan word
- Terwyl ons God vertrou om deur Sy Gees mense totaal nuut te maak

Ek weet ek kan dit nie alleen doen nie. God het my net die visie gegee, en Hy gaan, soos ek hierdie visie met mense deel, ‘n span om my vorm met al die gawes en vermoëns om dit wat Hy opdrag gegee het te laat gebeur.

Ek glo God het mense geskep om spesiaal te wees, met unieke vermoëns en ‘n unieke verhoog waar Hy jou wil gebruik om ‘n verskil te maak. Maar dat Hy ook vir jou daar diep binne ‘n lewenspassie gegee het. Soms smoor die lewe en die dinge wat in en rondom ons gebeur hierdie passie dood dat ons later net bloot bestaan en oorleef van dag tot dag sonder om werklik te LEEF.

Maar ek glo ons paaie het juis gekruis sodat God jou kon begin bedien met ‘n stuk genesing, lering, restourasie en nuwe lewe, sodat jy weer op jou beurt in die proses kan ontdek hoe God jou wil gebruik as Sy medewerker, as Sy spesialis wynmaker, en as deel van ‘n groter span.

Om wat te doen ...

Luk. 5:37 en 38 is my verwoording daarvan.

Ons gaan nuwe wyn aan mense bedien ... ja, dieselfde soort as wat Jesus daar in Joh. 2 gemaak het. Al wat ons na Hom toe moet bring is water ... selfs al is dit in die tipies tradisionele gedagte-kanne waaraan die mense, na wie die Here ons stuur, gewoond is ... Hy sal dit in wyn verander, nuwe wyn, wat hulle koppe kan swaai en hulle prentjies en lewens radikaal kan verander deur die kragtige werking van Sy Gees.

Dan gaan ons ontdek hoe dit die seer en die dors van derduisende mense gaan bedien en genees.

In my gees sien ek opleidings- en toerustingsentra en –middele waarmee ons duisende Christenleiers uit alle lae van ons samelewing en uit alle gemeenskappe gaan toerus om Jesus as die Verlosser, maar ook Salwer met die Gees, te vertrou om hulle te gebruik om met die dunamis-krag van die Gees 'n verskil te maak daar waar God hulle 'n verhoog gegee het.

Ek sien trauma-bedieningsentra (meeste van hulle in gewone woonhuise) in die verskillende gemeenskappe met toegeruste mense uit daardie gemeenskappe, wat mense as totale mense bedien. Daar is selfs dokters en verpleegsters, en gesondheidskundiges tussen hulle, maar ook baie doodgewone mense wat bloot ontdek het God kan hulle gebruik.

Die wonder is dat dit nie beperk is tot Hermanus en sy mense nie. Dit is ook nie beperk tot ons geloofsfamilie hier nie, maar deel van hierdie span is mense wat via internet en satelliet dwarsoor die wêreld entoesiasies agter hierdie visie stelling inneem en God toelaat om vooruit te stap en tree vir tree vir ons te wys wat ons volgende geloofstree moet wees.

God wil jou gebruik daar waar jy is, as spesialis wynmaker, om mense te bedien soos God jou spesifiek wil gebruik.



## Hoofstuk 5 God self het in ons kom woon

Ek skryf baie ingewikkelder as wanneer ek praat. Miskien omdat ek dit so gekondenseerd moontlik wil doen. Daarom moet ek my gedurig dissiplineer om die rykdom van die Evangelie, die inhoud van hierdie erfenis wat ons s'n is in Jesus Christus volgens die bepalings van die Nuwe Testament, so eenvoudig moontlik aan jou oor te vertel.

Kom ek doen dit vandag so:

Erfgenaam in Christus Jesus, jy wat in Jesus glo as jou Verlosser en Here, volgens die bepalings van die Nuwe Testament, hou Jesus drie geskenke na jou kant toe uit:

- Sy volkome verlossing wat Hy deur Sy dood en oop graf vir jou bewerk het
- Sy Gees om in jou te woon en hierdie verlossing in jou lewe uit te werk
- En Sy Gees om op jou te kom en jou so toe te rus met Sy bonatuurlike krag en gawes om hierdie verlossing in verskillende vorms aan ander om jou te bedien

As die gemiddelde Christen werklik verstaan wat ons s'n is in Christus Jesus, sal en kan ons wêreld nie meer dieselfde plek bly nie. Jesus het dit immers self belowe toe hy gesê het: *"Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan"* (Joh. 14:12). En die konteks van hierdie woorde is dat dit in die gedeelte staan waar Hy praat oor Sy hemelvaart en die koms van die Heilige Gees daarna.

Luk. 24: 46 tot 49 sê dit so: *"So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' Julle is getuies van hierdie dinge. En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is."*

As ons toegerus is, gesalf is, met die krag en gawes van die Heilige Gees, gaan ons - in die woorde van verlede week se Woord - spesialis wynmakers soos Jesus wees! Verstaan jy nou hoekom ek sê om Christen te wees is meer as om bloot net nog 'n godsdiens aan te hang, en baie meer as om net nog 'n godsdienstige mens te wees!

Natuurlik glo baie Christene dit nie! Dit is juis die vyand se taktiek om Christene te laat voel hulle is maar "net 'n sondaarmens" en dat hierdie woord nie op hulle van toepassing is nie. Terwyl dit juis ons erfenis is in Jesus Christus dat ons deur Sy dood en opstanding volkome verlossing as erfenis ontvang het. Boonop het God Sy Gees gestuur om in elkeen van ons te kom woon om hierdie volkome verlossing uit te werk in elke deeltjie van ons lewe. Maar nie net dit nie, om in hierdie proses, ons toe te rus as instrumente om dit weer deur die krag en gawes van die Heilige Gees te bedien as spesialis wynmakers aan 'n siek en vasgevangene wêreld om ons.

Kom ek breek dit ter verduideliking in twee dele op:

1. Ons erf volkome verlossing in Christus Jesus volgens die bepalings van die Nuwe Testament

Dit is aangrypend om in die Bybel rond te blaai en te ontdek watter ryke inhoud hierdie woord “verlossing” het. Die Griekse woord sozo kan in verskillende kontekste “verlos, red, genees en heelmaak” be-teken. (As jy iets van die variasie daarvan prakties wil sien, kan jy bv. daar in Mark. 5:34 hierdie woord raaklees, maar ook dit ook sien gebeur in die lewe van die besetene van Gadara se gedaanteverandering van vers 4 tot die een in vers 15. Daar sien jy dat so ‘n glas “nuwe wyn” vol van hierdie “verlossing” skop in het, hoor!)

Kom ek gaan verder en vra of jy weet watter Hebreeuse woord soms gebruik word om hierdie “verlossing” en sy resultate in Hebreeus oor te sê?

Verras dit jou as ek vir jou sê dat dit die Hebreeuse woord “shalom” is? ‘n Belangrike vers in die verband is Ps. 35:27 waar hierdie “vrede” of “volkome welwese” as die gevolg van God se geregtigheid of die waar-word van Sy verbondsbeloftes geteken word. Shalom kom van die werkwoord shaleem wat in verskillende kontekste “wees heel, afgerond, voltooi, al jou behoeftes is bedien” kan beteken. Maar wat ook “veiligheid, vrede, sekuriteit, voorspoed” tot gevolg het. (Verse in die verband is Jes. 54:10; Luk. 2:14; Joh. 14:27; 20:19; Jes. 53; 1 Tess. 5:23,24; Mark. 5:28,34; en Fil. 4:6-8).

Hierdie verlossing kan mense heel maak. Die inhoud van hierdie volkome verlossing is die hart van ons lering aan mense. As hierdie volkome verlossing begin deursuur in elke duimbreedte van mense se lewens, word area na area gerestoureer na soos God dit oorspronklik bedoel het. Waar mense bedien word met hierdie verlossing word mense “nuwe mense”.

2. Ons erf, as deel hiervan, God se Gees in ons en die belofte van die Gees “op ons” om hierdie verlossing in ons en ander uit te werk

Verse soos Rom. 8:9 en ander verse vertel ons dat die Heilige Gees sedert Pinksterdag in elke ware Christengelowige se liggaam woon. Daaroor hoef ons nie te wonder nie.

Jesus is nie net Verlosser nie, maar ook die Salwer met die Gees wat Sy erfgename wil bedien met Sy Gees in en op hulle.

Op grond van verse soos Hand. 2:38 en 39 weet ons dat God ons as erfgename in Christus belowe dat Sy Gees in ons ook “op ons” wil kom om ons toe te rus met die bonatuurlik krag en gawes van die Gees sodat hierdie verlossing in Christus Jesus in verskillende vorms deur en uit ons kan vloei. Soos Joh. 7:38 sê: “... *Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.*” Sy dit in die vorm van ‘n profetiese woord, of as fisiese of emosionele genesing, of as ‘n woord van kennis wat mense bedien met waarheid wat hulle waarlik kan vry maak, of as liefde wat hulle so bedien dat hulle God se liefde bonatuurlik beleef en ervaar, of as visionêre leierskap wat skielik net vir hulle en ander se lewens sin en rigting gee, ens.

Dit is tog wat Jesus daar in Hand. 1:8 belowe het sal gebeur toe Hy gesê het: “...julle sal krag ontvang as die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees ...”

Dit is hierdie krag en gawes wat in ons lewens vaardig word, wat deur ons begin werk en vloei, wat maak dat die gewone dinge wat ons doen, skielik ratjies in wonder-gebeure word dinge laat gebeur waardeur God Sy verlossing aan mense begin bedien.

Hiervoor moet ons bid, sê Luk. 11:13. Daarom dat die dissipels mense by hulle doop hande opgelê en daar gebid het dat die Jesus, wat Verlosser maar ook Salwer met die Gees is, hulle sal toerus met die bonatuurlike krag en gawes van Sy Gees (Hand. 8:15-19; 9:17,18; 19:5-7).

Dan kan ons met verwagting die gewone dinge doen, en begin beleef hoe buitengewone dinge begin gebeur wat getuig dat God lewe.

Soos wat ons die inhoud van ons erfenis in Christus Jesus werklik begin verstaan en toelaat dat die Gees van God ons bedien met nuwe wyn, ontdek ons en ander ...

- Dat die Christus wat ons leer ken en leer liefkry het, werklik die Een is wat gevangenes uit enige tronk kan vrymaak (Luk. 4:18)
- Gaan ons uit eie ervaring en persoonlike belewenis ervaar en weet dat Hy gekom het om die werke van die vyand tot niet te maak (1 Joh. 3:8)
- Gaan ons weer en weer ontdek dat “alle outoriteit in die hemel en op die aarde” werklik aan Hom gegee is (Mat. 28:18)
- Gaan ons ontdek dat Hy weer op Sy beurt hierdie outoriteit aan ons gee om selfs op slange en skerpioene te kan trap en om “die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen” (Luk. 10:19)
- En dat al hierdie dinge deel is van ons volle erfenis in Christus Jesus as gelowiges

Sien, waar ons dit begin begryp, kan God ons deur Sy Gees gebruik as spesialis wynmakers om mekaar en die gemeenskap om ons te bedien.

## Hoofstuk 6 Ek erf 'n volkome verlossing

Ons sit nog steeds langs die tafel van die prokureur – wat ons nou al agtergekom het, eintlik die Heilige Gees is – waar Hy besig is om aan ons ons erfenis in Christus, volgens die bepalings van die nuwe testament wat God opgestel het, uit te spel.

Hoe het ek dit verlede week geformuleer? Jesus staan as't ware deur die Heilige Gees voor ons elkeen en hou drie geskenke na ons kant toe uit:

- Volkome verlossing in Jesus deur Sy kruis en oop graf;
- die Heilige Gees wat in elkeen wat dit glo, se liggaam kom woon om hierdie verlossing te kom uitwerk in elke deeltjie van jou lewe;
- en die belofte van die Heilige Gees op ons wat elkeen van ons as gelowiges wil toerus met bonatuurlike krag en gawes sodat jy getuie kan wees van hierdie verlossing.

Die Here het weer hierdie week my aandag gevestig daarop dat as ek nie werklik die volle omvang van hierdie volkome verlossing verstaan wat myne is in Christus Jesus nie, dreig die gevaar dat ek soos 'n boemelaar deur hierdie lewe kan strompel en net van asdrom-kos kan lewe, terwyl ek in Christus reeds 'n biljoenêr is. Daarom het die Here my uitgedaag om Hom te vertrou om deur Sy Gees iets van die ontsaglike omvang en impak van hierdie volkome verlossing, wat ons s'n is in Christus Jesus, aan my te openbaar.

Van die wonderlike kante van hierdie verlossing wat ek net weer ontdek het, is die volgende:

- Die Bybel gebruik verskillende beelde of metafore om ons te help om iets te begryp van hoe volkome hierdie verlossing is wat in ons plaasvind wat die boodskap van die kruis en opstanding van Jesus Christus glo. 2 Kor. 5:17 sê dit so: Ons het nuut geword. Ons is as't ware oorgeskep in Christus deur die werking van die Heilige Gees. Daarom noem Joh. 3 dit 'n wedergeboorte. Ef. 4 en ander gedeeltes sê dat ons 'n nuwe natuur bygekry het, die lewe en natuur van Jesus Christus deur die werking van Sy Gees wat nou in ons lywe kom woon het. Rom. 8 sê dat die Heilige Gees in ons – wanneer Hy in beheer van ons lewe is - hierdie nuwe lewe en natuur te laat deursuur na elke deel van ons menswees.
- Iemand som die inhoud van hierdie verlossing op as 'n viervoudige verlossing: verlos van die straf vir ons sondes; verlos uit die mag en houvas van die bose; verlos van die houvas van sonde; en verlos uit die genot van sonde.

Ek het ook ontdek dat hierdie verlossing in drie fases in ons lewens deurbreek:

1. Fase 1 – Die verlossing wat ek onmiddellik beleef het met my wedergeboorte en bekering.

‘n Deel van hierdie verlossing het onmiddellik in my lewe deurgebreek met my wedergeboorte en bekering toe ek onmiddellik as ‘n ewig-siek, eintlik reeds-dooie mens, nuut en lewendig geword het. Daardie oomblik het ek geestelike oë ontvang wat in dimensies kan in-sien waar my gewone oë nie kan sien nie. Wat my in staat stel om, as ek mooi kyk, selfs God en Sy handewerk raak te sien. Van daardie oomblik, asof vir die eerste keer in my lewe, kon ek God se stem hoor ... in die Woord ... in my gees ... as mense praat ... in gebeure wat plaasvind. Van daardie oomblik kon ek dinge begin verstaan wat ek nooit voorheen kon verstaan nie. Dit was asof ek ‘n nuwe verstand gekry het wat toegang het tot dimensies wat ek nooit voorheen gehad het nie. Verlossing voorwaar! Maar daardie oomblik is ook al my sondes van die verlede, en al die straf wat op my gerus het as gevolg daarvan, in een oomblik uitgewis. Dit was asof ek van my totale verlede verlos is en ‘n splinternuwe lewe, ‘n nuwe begin, aan my gegee word. Soos ‘n skoon dagboek om van vooraf vol te lewe. Maar hierdie keer as nuwe mens ... as aangenome kind van die Koning van alle koning. Daardie oomblik is ek verlos uit die weeshuis van die lewe en het die lewende God, wat ek leer ken het in Christus Jesus, self my Vader geword. Ek is verlos van die verskriklike las om net vir myself te sorg en net vir myself te lewe. Ek het ontdek dat daar meer was om voor te lewe. Dat Hy ‘n plan vir my lewe het en dat ek êrens inpas. Dat my lewe betekenis, ewige betekenis het. Watter verlossing!

## 2. Fase 2 – Deur die werk van die Heilige Gees in my breek aspekte van hierdie verlossing in my gewone lewe deur

Ek het ook ontdek dat hierdie verlossing in Christus Jesus ‘n tweede fase in my lewe moet deurloop, naamlik waar dit moet deursuur na al die verskillende fasette van my lewe. Dit is soos wat gebeur met iemand wat ‘n nuwe hart tydens ‘n hartoperasie kry en daardie nuwe hart nou gesondheid en genesing moet begin pomp na die res van ‘n liggaam wat oor die jare so siek geword het as gevolg van die hart wat nie behoorlik gefunksioneer het nie. Dit is presies wat die Heilige Gees nou in ons lewens doen. Hy het in ons kom woon om hierdie verlossing en nuwe lewe te laat deursuur na alle dele van my lewe. Hy wil my gedagtes vernuwe en my leer om al die gemors wat ek oor die jare begin glo het, te sif vir wat leuens is en vir wat waarheid is. Die waarheid gaan my vry maak en my begin verander, maar dit gaan ook die sleutels wees tot die volle oorvloed wat myne is in Christus Jesus. Hierdie werk van die Heilige Gees in ons beskryf die Bybel met baie woorde: Woorde soos “heiligmaking”, “aflê van die ou natuur” en “beklee word met ‘n nuwe natuur”. Of soos Paulus dit daar in Galasiërs beskryf as dat die Heilige Gees my “lewe moet beheer”. Dit gaan wees asof God met my wedergeboorte en bekering my lewe se Eienaar geword het, maar nou moet al die wurms en kokkerotte in die fondasie en in die mure ook verdryf word deur Sy Gees, want ook dit is deel van hierdie volkome verlossing in Christus Jesus.

## 3. Fase 3 – ‘n Dimensie van hierdie verlossing breek eers aan die einde deur

As ons sterf, of Jesus kom, word ons verlos van 'n gewone aardse sterflike liggaam wat blootgestel is aan siektes en invloede van buite. Dan word ons beklee met 'n nuwe liggaam en kan ons vir ewig, onbelemmerd, by God kan wees (Rom. 8:23; 1 Kor. 15).

Toe ons Christen geword het, het daar merkwaardige dinge met ons begin gebeur. Meeste daarvan het in 'n dimensie plaasgevind waar ons nie kan sien of selfs nie eers altyd mooi alles kan snap wat met ons aan die gebeur is nie. Dit is hierdie dinge wat God aan ons deur Sy Prokureur, die Heilige Gees, deur Sy Woord, kom vertel.

Om Christen te wees is nie om – soos in die ander godsdienste die geval is – 'n klompie reëls te gehoorsaam of om net volgens 'n sekere manier te lewe nie. Nee, die hart van Christenwees is dat jy êrens langs die pad 'n persoonlike ontmoeting het met die lewende God in Christus Jesus, en dat Hy jou lewe deur die werking van Sy Gees van binne af uit begin verander.

Die Bybel teken hierdie proses ook in ander terme. Dit is asof God ons terugneem na die kruis en oop graf van Jesus ± 2000 gelede en dan daar vir ons die implikasies daarvan vir ons gewone lewe uitspel. Luister maar hoe Paulus dit daar in Rom. 3:21 tot 28 vir ons uitspel (en lees maar “verlossing” in waar daar nou “geregtigheid” of “vrypraak” staan

Jesus het alles wat nodig is vir ons as gelowige erfgename gedoen sodat God ons genadig kan wees en ons volkome kan verlos. Niks wat ons verder kan doen, geen wetsgehoorsaamheid of pogings om 'n goeie lewe te leef, kan enigsins iets daaraan toevoeg nie.

Miskien begryp jy nie werklik die impak van hierdie woord nie. Kom ek probeer dit vir jou uitspel in terme wat Paulus se oorspronklike lesers sou verstaan het. Paulus het vir gelowiges geskryf wat uit 'n tipies Judaïstiese, godsdienstige agtergrond uitkom. Ek kan my indink dat hierdie mense heeltyd geworstel het met 'n soort mengsel van geloof in Jesus en die boodskap van die kruis, en 'n drang om nog steeds al die tipies-Joodse wette te wil gehoorsaam om so “hulle deel” te doen. Om hulle te help begryp dat hierdie mengsel soos gif in 'n mens se lewe kan wees, hoor ons hoe Paulus vir hulle daar in Galasiërs 2 tot 4 en Kol. 2: 6 tot 23 die konsekwensies van so 'n mengsel uitspel. Sy bedoeling is baie duidelik: Enigiets wat die mens mag dink wat sou kon bydra tot ons verlos-wees in Jesus, anders as die kruis en bloed van Jesus, is verwarrend en waardeloos. Jesus Christus het aan die kruis en deur die oop graf alles gedoen wat nodig is om jou en my volkome te verlos, te bevry, en te genees.

Dit is belangrik dat ons dit verstaan. Meeste van ons kom ook uit 'n tipiese godsdienstige agtergrond waar ons 'n mengsel van geloof en godsdienstige reëls ingekry het. Waar mense aan mekaar allerlei godsdienstige reëls aan ons voorgehou het van dit móét jy eet of drink of nie eet of drink nie, as jy 'n “goeie” Christen wil wees.

Hoor my reg. Natuurlik glo ek dat Christenwees in ons lewe na buite voor mense sal uitmond in 'n bepaalde lewenstyl met hoë morele waardes. Maar ons is nie Christene OMDAT ons hierdie dinge doen nie. Ons is Christene OMDAT ons êrens in ons lewe die lewende God ontmoet het toe ons die evangelie oor Jesus se kruis en opstanding verstaan

en begin glo het. Toe het God deur die werking van Sy Gees ons bedien met hierdie nuwe lewe, hierdie volkome verlossing, deur die kruis en soendood van Jesus.

Dit is toe dat ons lewe 'n 180-grade draai gemaak het (soos Mat. 18 sê) en ons radikaal tot bekering gekom het. Daarom dink ons ook nie meer op die gewoon godsdienstige manier oor ons self en ons lewe nie. Ons weet ons is Christene, nie oor wat ons gedoen het nie, maar oor wat Jesus lankal reeds vir ons gedoen het. Anders dink ons tipies nog in die terme van die Ou Testament of verbond se bepalings.

Ons kan mekaar baie keer laat dink – ook in die vernuwing - dat ons eers “goeie Christene” is - dat ons dit eers “gemaak het” - as ons ... Geleer het om geestelike oorlog te voer ... Of gereeld intersessie doen ... Of 2-3 ure “stiltetyd” hou ... Of soveel gee of soveel doen. Ons doen dit selfs in gemeentes teenoor mekaar as ons maak asof 'n gemeente “suksesvol” is as hulle ... Geweldig groei getalsgewys ... Of groot geboue het propvol mense.

Ons kan soms so oor Christen-wees praat dat ons die hart van die bepalings van die Nuwe Testament as't ware ignoreer en mense heeltyd veroordeel en skuldig laat voel, asof hulle net nooit “goed genoeg” sal wees nie. Jesus self het woedend geword vir mense wat op hierdie wyse gedink het. Hy het hulle selfs “struikelblokke” in ander se lewens genoem.

Kom ons blaai na ten slotte na Mat. 18:8 toe – wat seker een van die mees misverstande gedeeltes in die Bybel moet wees. Maar hou die konteks van hierdie vers in gedagte. Jesus is besig om teen 'n mengsel van geloof plus werke te praat. Hy is hier besig om met mense te praat wat gedink het dat hulle, met wat hulle gedoen het met hulle hande, of hoe hulle geloop het met hulle voete, of hoe hulle gekyk het met hulle oë, “suksesvol” kan wees in God se oë.

As Jesus dan sê: Ruk uit, sny af ... sê Hy eintlik “Hou op vertrou op hierdie dinge, want dit verteenwoordig 'n vertrou op jou eie vlees of eie werke. Wat eintlik nodig is is om oor te gee ... om My te vertrou met die naïewe geloof en vertrou van 'n kind.

In terme van die evangelie hoor ons hoe God hier vir ons die volgende sê: Al wat Ek julle vra is kinderlike geloof. Ek het immers reeds aan die kruis en deur die oop graf van My Seun Jesus alles gedoen wat nodig is vir julle volkome verlossing. Kies net weer opnuut om My Gees in julle te vertrou om die verlossing wat Ek reeds vir julle bewerk het in Jesus, in julle lewens uit te werk. (Dit is ook wat daar in Gal. 5:4 tot 6 staan).

Dit is die hart van 'n onverdunde Evangelie en dit maak mense wat dit glo werklik vry. Maar dit maak ook ons werk as boodskappers van hierdie Evangelie makliker, want dan weet ons die verlossing en die nuwe lewe wat God aan mense in Jesus skenk, in staat is om te doen wat God in Sy Woord belowe het dit gaan doen.

Karring ons aan hierdie boodskap, of probeer ons om iets by hierdie onverdunde Evangelie by te sit, sit ons in tamatiestraat, want dan maak ons asof die Christendom maar net nog 'n godsdiens is waarmee mense hulleself kan “verbeter” soos al die ander.

## ANDER BELANGRIKE SKRIFGEDEELTES IN DIE VERBAND

2 Korintiërs 1:10 “wat ons verlos het uit so ‘n groot doodsgevaar en nog verlos; op wie ons hoop dat Hy ook nog sal verlos ...”

En Mat. 1:21; Hand. 16:17; Ef. 1:13,14; Tit. 2:14



## Hoofstuk 7 Verlos van my verlede

As erfgename van Christus Jesus volgens die bepalings van die nuwe testament, het ons gehoor dat ons die volkome verlossing geërf het wat Christus Jesus deur Sy dood en opstanding vir en namens ons bewerk het. Maar ook dat God selfs Sy Gees gestuur het om in ons lywe te kom woon om so self te sorg dat hierdie volkome verlossing sy volle pad in elkeen van ons loop wat Christen geword het.

Daarom dat Paulus daar in Fil. 1:6 sê: "Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit enduit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom."

Die beeld wat die Here my verlede week in die verband gegee het is die van 'n rekenaar wat propvol virusse was. Dan word 'n antivirusprogram gelaai wat daardie virusse verwyder of onder kwarantyn plaas sodat dit nie verder skade kan aanrig nie. Wat die toekoms betref, vir solank die antivirusprogram opgedateer bly en toegelaat word om die rekenaar te beheer, kan dit die rekenaar en ander programme beskerm teen enige ander virusse.

Kom ons pas dit 'n bietjie op ons Christen-wees toe: Toe ons Christen geword het, het God ons as't ware gelaai met 'n nuwe program, "'n nuwe natuur" noem die Bybel dit op sekere plekke. Die Bybel gaan voort en beskryf dit verder as die natuur en lewe van Jesus Christus, met die volkome verlossing wat Hy vir ons bewerk het, as deel daarvan, as't ware ingebou. Dit maak ons van ons bekering en wedergeboorte skoon van al die "virusse" wat ons ou natuur en die vyand in ons lewe veroorsaak het. Maar verder, vir solank die Gees van God daaglik in beheer van ons lewe is, kan Hy hierdie verlossing ook verder in ons lewe laat deursuur en kan Hy ons ook beskerm teen enige ander nuwe virusse van buite, maar ook van binne, wat die ou natuur nog verder kan veroorsaak.

Deel van ons erfenis in Christus Jesus, is dus dat God belowe dat Hy dit in ons lewe wil doen. As Hy dit gesê het, dit belowe het met 'n eed in die nuwe testament se bepalings, moet ons kies om in geloof te sê: Ek glo dit. God het dit gesê; ek glo dit en daarom staan dit vas.

In elkeen van ons se lewens, glo ek, is die Here besig om met ons hier rondom 'n pad te loop. Daag Hy ons uit om Hom te vertrou vir die deursuur van hierdie volkome verlossing na bepaalde aspekte of dele van ons en ander se lewens.

Toe ek 'n bietjie hieroor gaan nadink het hierdie week, het 'n paar nuwe perspektiewe hieroor by my deurgebreek. Kom ek deel ietsie daarvan met jou:

- Deel van hierdie volkome verlossing wat ek en jy as gelowiges in Christus Jesus geërf het is dat ons kan glo dat ons verlos is van ons verlede. Nooit gaan dit ooit weer deur God teen my gereken word nie. Christus het letterlik my verlede, en die straf wat daar op my gerus het as gevolg van my verlede, uitgewis.
- Maar dit is aangrypend dat die Skrif verder gaan en ons uitdaag om te glo dat daar selfs meer gebeur het as net dit. Deel van gelowig-wees is om te glo dat "die ou Christo" wat vasgevang was in sonde en totaal onder die beheer was van die bose en al ons ou drange en begeertes, dood en begrawe is. Dit is immers hoe 'n gedeelte soos Rom 6 hierdie heerlike

waarheid uitspel. Rom. 6 gaan voort en sê dat ons doop na ons bekering juis die simboliese uitbeelding van hierdie onsigbare waarheid van ons erfenis in Christus is. Dit was vir die vroeg-Christelike gemeentes so belangrik dat gelowiges hierdie deel van hulle erfenis in Christus verstaan, dat hulle altyd vir mekaar gesê het: Ons doop niemand wat nie weet dat hy dood is nie!

- Hoekom is dit dan belangrik om hierdie "dood-wees" as deel van jou erfenis te glo? Om ten minste twee redes: 1. Sodat jy kan verstaan dat die lewe wat jy nou lewe 'n nuwe lewe, die lewe van Christus in en deur jou deur die werking van Sy Gees is. 2. Maar ook sodat jy kan verstaan dat as jy sou toelaat dat "ou drange" en "ou gewoontes" uit jou verlede jou lewe beheer, kies jy eintlik om iets wat eintlik dood is, uit die dood te laat opstaan. G'n wonder dit stink so nie! Daarom daag Paulus ons daar in Rom. 6 vanaf vers 11 uit om in geloof onself vir die sonde "dood" te reken, maar "lewend" te reken vir God in Christus Jesus (Ou Vertaling se taal).

Ek wil dit graag 'n bietjie meer prakties maak. Kom ek deel met jou iets van my eie soeke na persoonlike oorwinning oor bepaalde sondes en dinge in my lewe in die lig van hierdie waarhede. Hierdie boodskap oor wat myne is volgens die bepalinge van die nuwe testament het my intens aangespreek. Ons is so gewoond aan die boodskap van die evangelie dat Jesus se dood, kruis en Sy bloed volkome afgereken het met ons sondige verlede, ja, dat die mag van sonde, die houvas van die bose en die houvas van ons ou vlees gebreek is. Maar tog, as ek eerlik moes wees, moes ek bely hoeveel stink gewoontes en dinge uit my verlede nog steeds my verhoudinge met ander mense, en nog steeds my denke en gevoelslewe oorheers het.

Daarom het ek beleef hoe die Gees van God my begin uitdaag het om te kies om ook hierdie deel van my erfenis in Christus Jesus te begin glo in my persoonlike lewe. Ek het besef dat daar nou 'n punt in my lewe gekom het waar ek weer opnuut moes kies om te glo dat die ou Christo dood en begrawe was by sy doop Oktober 1993. En ek moes kies om te glo dat die nuwe Christo in Christus Jesus, deur die werking van God se Gees in my, ook wat hierdie dinge betref, volkome verlossing kan beleef, want Jesus het ook hiervoor volkome verlossing vir my bewerk.

Ek moes dus weer kies om God te vertrou en Hom toe te laat om daardie verlossing in die hier en nou in my lewe toe te pas. Soos wat die Gees van God verkeerde gewoontes en bepaalde sondes in my lewe uitgewys het, het die Here my uitgedaag om Hom te vertrou vir volkome verlossing ook daarvoor.

Kan jy nou verstaan waarom dit baie belangrik is om ook hierdie "anderkant van die Nuwe Verbond se boodskap" aan mekaar uit te wys? Sodat jy sal verstaan dat om die boodskap van die nuwe verbond werklik te glo, beteken om te besef dat JY eintlik dood is, dat die OU JY gesterf het. Die ou jy wat God nie kon liefhê nie, wat God nie kon gehoorsaam nie, is dood en begrawe. Maar die goeie nuus is dat God jou nuwe lewe, die opstandingslewe van Jesus, gegee het deur die inwoning en werking van Sy Gees in jou, en dat daardie lewe nou besig is om jou totaal te verander. Dit is letterlik soos 'n nuwe program in jou in gelaai wat nou jou bedien met hierdie volkome verlossing in jou hele menswees.

Hoe sê die Bybel dit? Dit dra vrug in jou en my lewe (Gal. 5:22,23).

Luister hoe sê Jesus dit:

- Luk. 14:27: *"Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie."* (Verstaan mooi, as jy gevra word om jou kruis te dra, dra jy dit tot op die plek waar jy daaraan vasgekap gaan word, en gaan sterf! Jesus sê dus hiermee vir jou dat Sy volgelinge mense is wat weet dat niks goed uit hulleself kan kom nie, en daarom moet daardie deel van hulle dood wees sodat ander hulle kan herken as volgelinge van Jesus).
- Mat. 10:38,39: *"Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie. Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind."* (Ons ontdek eintlik wat dit beteken om te lewe in ons volle erfenis in Christus, as ons kies om te glo dat 'n deel van ons eintlik dood is toe ons Christen geword het).
- Mat. 16:24: *"Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry."*

Luister hoe sê Paulus dit:

- Ef. 4:22-24: *"Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."*
- Gal. 2:19, 20: *"Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê."*
- Gal. 6:14: *"Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld."*

Ons het al soveel preke gehoor oor wat dit beteken om jou "kruis op te neem". Sommige predikers het gesê dit beteken ons moet bv vrede maak met 'n siekte of dilemma of 'n humeurige man! Maar lyk vir my dit beteken om aan die einde van jouself te kom! Dit dui op daardie gebeure waar jy ontdek en bely dat jy in jouself totaal magteloos en hulpeloos is!

Meestal kom ons eers op hierdie punt nadat ons alles geprobeer het: Ons het bandjies geluister, honderde boeke gelees, gehuil, gebed, bevryding gekry, Bybel gelees ... alles om ontslae te raak van spesifieke sondes of gewoontes in ons lewe. Maar niks wou regtig help nie!

Êrens in hierdie proses begin dit dan deurbraak dat ons ware verlossing, ons blywende verlossing, net gaan gebeur as God dit gaan doen deur die werking van Sy Gees in my lewe. Dit is asof ons skielik op 'n dag net besef - noem dit 'n openbaring as jy wil - dat die oplossing wat ek nodig het, sal God moet gee. As ek werklik bevryding wil hê hiervan, sal God dit eiehandig moet bewerk. En dat al wat ek moet doen is om oor te gee, sodat Hy dit kan doen deur die werking van Sy Gees in my!

Dit is, met ander woorde, om te kies om die hart van die nuwe verbond se boodskap te glo, naamlik dat my vlees moet sterf om te ervaar dat Jesus Christus reeds alles gedoen het wat nodig is om my waarlik vry te maak. Ja, dat Hy reeds bykans 2000 jaar gelede alles gedoen het aan die kruis en deur die oop graf, wat nou net moet deursuur deur die werking van Sy Gees in my lewe om my die soet van hierdie verlossing self te laat ervaar in die praktyk van my eie lewe.

Dit is eintlik wat heiligmaking in werklikheid is.

Paulus bely hierdie ontdekking daar in Rom. 7:9 tot 13. En dan volg hy dit op met sy uitroep in Rom. 7:24 en 25 waar hy sê: *"Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde."* Dan gaan hy voort in hoofstuk 8 om uit te spel hoe die Heilige Gees nou deur Sy beheer van sy lewe, hierdie verlossing laat deursuur na die res van sy lewe toe.

Verstaan mooi, om op hierdie punt te kom "om te sterf", is nie nog "'n werk" nie. Dit is eintlik net 'n wete, 'n openbaring, wat moet deurbreek! Eintlik is dit net 'n deel van jou erfenis wat reeds gebeur het, wat reeds joune is sedert jou bekering en wedergeboorte, wat nou begin deursuur na die res van jou lewe deur die heiligmakende werk van God se Gees in jou lewe.

Waarvoor is dit wat jy God tans vertrou om in jou lewe te doen?

Een van my vriende in die bediening daar uit Reni in die Oekraïne skryf in die verband: "En Vader wys vir my hoe maklik ons moeg en stukkend kan raak, hoe gou die water in ons waterputte op kan raak. Ons antwoorde op mense se probleme word soos geroeste blikke vol gate, en ons word moeg ...moeg ... moedeloos... Maar Vader belowe strome van lewende water wat uit ons binneste sal vloei. Dit is Hy wat ons krag gee. Dit is Hy wat die vermoeides rus gee. Dit is Hy wat lewe gee. Sy lewe. ...Waterstrome wat nooit opdroog nie. Sy krag ... Sy muur teen alle aanslae, spanning en moedeloosheid ... Sy oorwinning. "Die Here my God, gee vir my krag. Hy maak my voete soos die van 'n ribbok. Op hoë plekke laat Hy my veilig loop..."

En ek plaas al my laste aan die voet van die kruis. Dit het op Golgota Sy laste geword. Dit is Hy wat die werk doen. Dit is Hy wat die krisis ... uitsorteer. Dit is Hy wat genees. Dit is Hy wat die kwaad en seer ... kan uithaal. Dit is Hy wat ... harde harte kan verander en werkers oprig. Dit is Hy wat die deure vir die evangelie oop kan maak."

## Hoofstuk 8 Verlossing is die werk van God alleen

Kom ons lees Romeine 7:6 en hoofstuk 8:1 tot 30 met mekaar saam.

Paulus is hier besig om aan gelowiges uit te spel wat nou aan die gebeur is in hulle lewens as erfgename in Christus. Die Gees van die lewende God self woon nou in ons elkeen en Hy is besig om hierdie volkome verlossing wat ons deel geword het uit te werk in ons lewens.

Kom ek begin vandag met 'n stelling wat jou dalk 'n bietjie sal skok. Maar moenie skrik nie. Dink eerder goed na oor wat ek nou gaan sê.

Niks wat ek en jy kan doen uit ons eie krag kan die mag en invloed van sonde in die hier en nou van ons lewe breek nie. Nie een van ons kan met ou sondige gewoontes uit eie krag ophou nie. Al ons trane of al ons wilskrag alleen gaan nie die verskil maak of die verandering bewerk nie. Werklike, diepgaande, lewensveranderende genesing en bevryding is die werk van God alleen in ons lewens.

Die Ou verbond en sy eise het mense dit laat besef. Elke keer as daardie wet gelees is, het mense net weer opnuut besef hoe magteloos hulle was om werklik daardie wette almal te gehoorsaam.

Ek glo dat dit ook die rol is wat die Ou verbond en sy wette vandag nog in ongelowiges se lewens het. Om, soos Paulus dit beskryf daar in Galasiërs, 'n "tugmeester na Christus" toe te wees.

Jesus het gesê dat die Heilige Gees die wêreld gaan oortuig van hulle sondes ... Hoekom dan? Sodat hulle kan besef hoe totaal verlore hulle is. Dat hulle, soos Paulus daar in Rom. 3 sê, besef dat hulle werklik nie op hulle eie krag, deur wat hulle doen, in staat is om hulleself te maak God liefhê of dien nie.

In hierdie proses, in hierdie konfrontasie met die waarheid oor hulle sondigheid, en die straf as gevolg daarvan, en hulle eie onvermoë om enigiets te verander, is dit dan die Heilige Gees se verdere werk om in hierdie proses 'n behoefte aan 'n Verlosser by hulle te skep.

Sonder 'n ware sondebef, is daar geen ware behoefte aan 'n Verlosser nie. Eers dan maak die Goeie Nuus van die Evangelie sin vir mense. Dan maak dit sin om te hoor van 'n God wat hulle des ondanks so liefgehad het dat Hy Sy eie Seun gestuur het om alles te kom doen om 'n volkome verlossing vir ons te kom bewerk, ja, dat daar nuwe lewe moontlik is vir elkeen wat in Hom glo.

Daarom kan ons nou ook aan mekaar as erfgename van hierdie volkome verlossing sê werklike verandering, of noem dit verlossing of genesing in jou en my lewe as gewone mense, breek deur as ons ...

- Glo in die volkome verlossing wat Jesus deur Sy dood en opstanding vir jou reeds bewerk het

- En as ons die Gees van die lewende God, wat in jou woon, begin vertrou en toelaat om hierdie verlossing in die detail van ons lewens uit te werk

Daar begin hierdie genesing, bevryding, verlossing - noem dit wat jy wil - gebeur teen so 'n tempo en teen so 'n skaal dat jyself en ander om jou baie intens bewus daarvan raak.

As ons nou mooi gaan sit en dink wat het met ons gebeur toe ons Christen geword het, dan besef ons: Alles wat ons nodig het om te verander, is aan ons gegee: 'n nuwe gees; 'n nuwe hart; 'n nuwe verstand; nuwe lewe; die Gees van God self het kom woon in my en jou lyf; die opstandingskrag van Jesus is aan die werk in my en jou deur die werking van God se Gees self.

Kom ek sê dit op 'n totaal ander manier. Kom ons blaai daar na Eseg. 36:25 tot 27 toe en lees wat daar staan: *"Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom."*

Hoor jy wat God hier belowe? Dit is wat Hy belowe om in mense te lewens te doen. Dit is wat gebeur het na die kruising, opstanding van Jesus en na die Pinkstergebeure van Hand. 2 in elkeen wat tot bekering gekom en wederbaar is.

Maar God gaan verder en teken daar in hoofstuk 37 'n prentjie vir Esegïel hoe dit gaan gebeur:

- 'n Prentjie van 'n mensdom wat dood is. Onthou egter, God praat hier van Sy besnede verbondsvolk. Hy sê hulle is eintlik niks anders as 'n begraafplaas vol lyke nie. Soos 'n lyk niks kan doen om te verander nie, so kan hulle niks doen om weer lewendig te word nie. Daarom, so tussen my en jou gesê, moet ons ophou om vir mense wat dood is, te sê hulle moet God gehoorsaam! Ons kan maar preek vir hulle tot ons blou in die gesig is, selfs skreeu op hulle of kwaad wees vir hulle. Niks gaan help nie. Hulle gees is dood! Dood met daardie dood waarvan Paulus daar in Rom. 7:9 en 11 gepraat het, of daar in Ef. 2:1-4. Ja, al is hulle lieflike mense, godsdienstige mense, is en bly hulle dood!
- Net die Gees van die lewende God alleen kan hier lewe bring (Eseg. 37:4-6). Enige nuwe lewe hier gaan die gevolg wees van die bonatuurlike ingrype en werk van die Gees van God. Hy gaan inbeweeg en lewe bring waar daar tans dood heers.
- Hoe gaan dit dan gebeur? Waar God van Sy kinders as boodskappers en as getuies in hierdie situasies instuur - toegerus met die bonatuurlike krag en salwing van die Heilige Gees (soos die profeet) - met die opdrag om te begin profeteer. Om vir mense te begin sê wat God nou vir hulle wil sê. Dit is ook jou en my opdrag as getuies van Jesus en die blye Evangelieboodskap om nou aan "dooies" die lewegewende Woord te bedien. En om daarmee saam te bid dat die

Heilige Gees die beloftes van nuwe lewe, van 'n nuwe gehoorsaamheid, oor 'n totale verlossing, totale genesing, totale oorwinning, sal Hy wil uitwerk in ons en ander se lewens.

- Dan gaan ons 'n nuwe geslag sien opstaan wat dit begin glo het en op grond daarvan begin handel het.

Soveel gelowiges worstel nog steeds, bly vasgevang in allerlei ou gemors ... omdat hulle nie hierdie deel van hulle erfenis in Christus Jesus kan of wil glo nie. Ongeloof beroof ons van soveel seën. Ongeloof beroof ons van 'n beleving van hierdie volkome verlossing en vryheid deur die werking van God se Gees in ons.

Daarom daag ek jou vandag uit om saam met my na God toe te gaan as nuwe verbondsmense en vir Hom te sê:

- Here, ek glo U het alles in Christus Jesus gedoen wat nodig is vir 'n totale verlossing in my lewe. 'n Volkome verlossing wat geld vir my verlede, hede en toekoms
- Ek glo dat U Gees nou in my woon om dit uit te werk. Ek glo dat Hy my heeltemal wil vrymaak. Ek glo dat Hy my kan oortuig van elke area in my lewe waar daar nog steeds donker heers. Nie om my veroordeel te laat voel nie, maar om my geleentheid te gee om U waarheid en U lig ook daar te bedien. Ek glo dat Hy my kan lei en kan bekragtig om 'n oorwinnende lewe te leef.
- Daarom wag ek op U ... vertrou ek U om deur Hom dood en lewe aan my te bedien. Dood aan my ou natuur, en lewe wat sal deursuur na elke stukkie van my lewe.

So bid 'n mens in Nuwe Verbondstaal ... So eerbiedig ons die beloftes volgens die bepalings van die nuwe testament in Jesus.

Dan gaan ons die vrede begin beleef waarvan Eseg. 34:22-25,28 en 30 praat. Dan gaan ons beleef hoe al die spoke en kettings van die verlede verbreek en verjaag word. Gaan ons tree vir tree vry word deur die werking van die kruis en die werk van die Heilige Gees in ons.

## Hoofstuk 9 'n Heilige vrees

Deel van jou en my erfenis as Christengelowiges in terme van die bepalinge van God se nuwe testament is dat ons op grond van Jesus se dood en opstanding ook 'n heilige afsku vir sondes en 'n heilige vrees vir die gevolge van sondes geërf het.

Dit is wat ek hoor in gedeeltes soos 1 Joh. 3:1 tot 10 en hoofstuk 5:8, 9, 18 en 19. Kom ek haal net 'n vers of twee uit hierdie gedeeltes vir jou hier aan:

- 1 Joh. 3:6,8 – *“Iemand wat in Hom bly, hou nie aan met sondig nie; iemand wat aanhou sondig, het Hom nie gesien nie en ken Hom nie.... wie aanhou sonde doen, behoort aan die duivel, want die duivel hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duivel tot niet te maak.”*
- 1 Joh. 5:17a,18 - *“Alle ongeregtigheid is sonde ... Ons weet dat iemand wat uit God gebore is, nie meer sondig nie, maar die Seun van God bewaar hom, en die duivel kry geen houvas op hom nie.”*

1 Joh. 3:9 en 5:18 is moeilike verse om te vertaal uit die Grieks. Ek wil probeer om 5:18 beter te vertaal: *“Ons weet dat elkeen wat God wederbaar het, nie meer 'n sondaar is nie, maar die Seun van God bewaar hom sodat die bose geen “permanente” houvas op hom kan kry nie”.*

Alhoewel 'n mens sukkel om in Afrikaans presies te sê wat Johannes hier bedoel in die Grieks, is dit waarheid wat hy hier wil oordra eintlik baie eenvoudig: 'n Wedergebore Christen is nie meer 'n sondaar wat niks anders kan doen as om te sondig nie. Hy is nie meer 'n gevangene wat hulpeloos vasgevang sit in die kloue van die mag van sonde in sy are en in sy hele wese nie. Nee, die nuwe lewe van Jesus in ons het ons verlos van die heerskappy van die bose en sonde in ons in Jesus Christus. Verder woon die Gees van God juis in ons om ons te leer om te leef uit hierdie oorwinning en verlossing wat ons deel is in Jesus.

Ek maak dus hier 'n baie besliste onderskeid tussen 'n wedergebore kind van God en 'n gewone, ongeredde mens. 'n Ongeredde mens kan net sondig en kan nie God gehoorsaam en werklik liefhê soos Hy dit bedoel het nie. Terwyl as 'n Christen wel sondig, is daardie sonde wat hy nou pleeg 'n doelbewuste keuse en wilsbesluit.

Ons het nou al 'n paar keer vir mekaar gesê dat deel van God se geskenk aan ons, volgens die nuwe testament/verbond se ooreenkoms, is dat Hy Sy Heilige Gees gestuur het om in elkeen van Sy nuwe verbondsmense te kom woon en werk. Sy Gees se naam is nie verniet Heilige Gees nie. Daarom moet ons nie verras wees om te ontdek dat Hy in ons 'n heilige afsku vir sonde en 'n heilige vrees vir die gevolge van sonde gaan bewerk nie.

Jer. 32:40 leer ons iets hiervan. Hier staan *“Ek sal 'n blywende verbond met hulle sluit. Ek sal nooit ophou om aan hulle goed te doen nie en Ek sal in hulle die begeerte lê om My te dien en nie van My af weg te draai nie.”*



In die Hebreeus staan daar pertinent dat God Sy “vrees” in ons hart gaan bewerk. Nie dat dit hier gaan oor ‘n bang-wees vir God nie. Ons is immers nuwe verbondsmense wat God ontdek en leer ken het as ‘n liefdevolle Vader. Nee, dit is eerder dat die Heilige Gees in ons ons bewus hou dat ons Vader ‘n heilige God is wat sonde haat met ‘n passie. So ‘n passie dat Hy Sy Seun se lewe gegee het sodat ons vry kan kom daarvan en lewenslank vry kan wees van die heerskappy en oorheersing daarvan.

Daarom gaan hierdie Gees ons kyk na sonde verander. Hy is immers die Gees van waarheid. Daarom dat Hy jou hierdie afsku vir sonde gee en selfs siek maak vir die oorblyfsels en sonde-reste in jou eie lewe.

Baie Christene haal Rom. 8:1 onder andere aan as ‘n mens oor sondes in die Christene se lewens praat. Om te sê ons moenie mekaar weer veroordeel laat voel nie. En hulle is reg, maar vers 2 is net so van toepassing wat sê: “Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.”

‘n Mens sou dit ook kon vertaal: “Die beginsel is: die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, (is dieselfde Gees) wat jou vrygemaak het van die beginsel van sonde en dood (in jou lewe)”.

Om met sonde steeds te bly speel of dit te ignoreer in mekaar se lewens, is om broers en susters toe te laat om gif te drink en in ‘n vertrek vol gifgas te dans. Daarom wil ek graag die volgende stellings in die verband maak:

- God beskou immers sondes en oorblyfsels van die ou vlees-natuur in ons lewes met dieselfde afsku as wat Hy dit in die lewens van nie-Christene beskou. As jy my nie glo nie, kan jy gerus weer gaan lees wat God vir die gemeente daar in Laodisea gesê het in Op. 3:15.
- Hoe langer ons aanhou sondig, hoe meer word ons eie hart verhard, sê Heb. 3:12 tot 13. Jy en ek ken hoevele Christene rondom ons wat met die mees afgrypslikste sondes kan aanhou en skynbaar geen gewetenswroeging daarvoor het nie!
- Die Bybel sê om aan te hou sondig is vir ‘n wedergebore mens soos om te sê swart is wit en wit is swart. Vgl 1 Joh. 3:7-10 en 5:18,19.
- Om te sondig is om die bose ‘n vashouplek in jou lewe te gee en jou lewe oop te maak vir al die chaos en ander gevolge wat dit kan meebring (Ef. 4:27).
- Om te sondig veroorsaak dat ons ons innerlike vrede en selfs ons geestelike krag en sensitiwiteit kan verloor. Luister maar wat Dawid in hierdie verband sê daar in Ps. 31:10. Dit is soos ‘n gat in jou olietenk wat jou stelselmatig sal beroof van jou vreugde, vrede en krag.

God praat op hierdie oomblik met jou persoonlik. Maar moenie paniekerig raak nie. Hoor wat 1 Pet. 5:6 tot 10, en dan ook 1 Joh. 1:5 tot 2:6 sê.

Onthou, jy is nou 'n nuwe verbondsmens met die lewe van Jesus deur die werking van God se Gees in jou. Sonde se mag in jou lewe is gebreek. Daarom is om nou te sondig 'n doelbewuste keuse vir jou.

In my gees lewe 'n woord waarmee ek wil afsluit: In die bekende 2 Kron. 7:14 sê die Here " ... as my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. "

Hoe sê Bruce Wilkerson: Ek sien baie mense wat hulle verootmoedig en bid en wat God se aangesig soek ... maar hoekom sien ek nie mense wat hulle bekeer en verander van hulle verkeerde weë nie!

Daarom staan elkeen van ons elke dag letterlik weer en weer voor die keuse om of lewe of dood aan onself te bedien.

Kies om te lewe. Kies om weer opnuut te fokus op die lewe en die volkome verlossing in Jesus vir jou. Gryp dit vas in geloof en sê weer en weer nee vir die versoeking wat oor jou pad kom. Kies opnuut dat die Gees van God jou lewe beheer en jou wys wat Sy hart en Sy pad is. Laat Hy jou verder inlei in die seën en oorfloed wat God vir jou as Sy kind ingedagte het.

## Hoofstuk 10 Laat die Gees van God julle lei

Die gevaar is dat ons oor ons erfenis in Christus - volgens die bepalings van die nuwe testament - kan praat asof ons almal êrens langs die strand in die hemel heeldag lê en “tan”, sonder al die daaglikse katastrofes en uitdagings waarvoor ons almal in die gewone lewe te staan kom.

Nie een van ons se lewe is elke dag ewe maklik nie. Ons kry almal maar ons dae waar ons hare op ons tande moet hê en uitdagende krisisse die hoof moet bied. Ons gaan almal deur daardie tye wat ons moedeloos voel en net nie meer herwaarts of derwaarts weet nie. Ek weet, want ek en my gesin beleef dit ook. Daarom wil ek vandag met jou gesels oor ‘n wonderlike deel van ons erfenis wat spesiaal hiervoor bedoel is.

In Ef. 5:18 staan daar: *“Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul ...”* Baie geestelike leiers het al wonderlike boodskappe rondom hierdie vers gepreek, maar ek het nog altyd gevoel “laat die Gees julle vervul ...” beteken meer as wat vir ons gesê word.

Hoe meer ek daarvoor nadink, hoe meer raak ek oortuig dat dit ten minste twee dinge beteken:

- Dit beteken dat ek en jy elke dag moet kies om 100% onder die beheer van die Heilige Gees in ons te lewe en Hom gehoorsaam toe te laat om ons in al ons besluite te lei
- Maar ook dat ons elke dag God moet vra om ons opnuut toe te rus met die krag en gawes van Sy Gees, sodat ons as’t ware “gereed kan wees” – vol gemaak kan word - om deur God gebruik te word om die mense rondom ons te bedien met die dinamiet-krag uit die hemel

Deel van die erfenis van elke kind van die lewende God in Jesus is dat God deur Sy Gees wat in jou lyf woon, jou 24 uur per dag, sewe dae in ‘n week wil lei van minuut tot minuut.

Luister hoe sê Paulus dit daar in Rom. 8:9-14: *“Julle word egter nie deur julle ou natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie. Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. Daarom dan, broers, staan ons onder ‘n verpligting, maar nie teenoor ons ou natuur om daarvolgens te lewe nie. As julle julle lewe deur die ou natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees ‘n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe. Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.”*

Díe van julle wat baie oplettend is sal opmerk dat ek verskil van die Nuwe Afrikaanse Vertaling in díe dat ek daar waar hulle “sondige natuur” vertaal het, eerder vertaal met “ou natuur”. Die rede hiervoor is, soos ek by ‘n vorige geleentheid gesê het, dat ek oortuig is dat die Woord ons leer dat deel van ons erfenis in Christus juis is dat ons as Christene nie meer “sondaars” is nie - alhoewel ons nog kan sondig - omdat sonde se heerskappy in ons lewens gebreek is. Om te sondig is ‘n doelbewuste keuse in die lewe van ‘n wedergebore kind van God se lewe.

Paulus is besig om te praat oor die wonderlike deel van ons erfenis in Jesus, naamlik dat Jesus Christus nou self in ons lywe kom woon het deur Sy Gees. Spesifiek om – as ons Hom toelaat – ons lewens in geheel te beheer en ons te lei met Sy stem. Die prentjie wat ek wil gebruik om iets hiervan beter te verstaan is díe van ‘n program-aanbieder op die verhoog met ‘n gehoorstuk in sy oor waardeur die regisseur vir hom woord vir woord “prompt” wat hy moet sê en doen.

Spr. 3:5 sê dit so: *“Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.”*

Ons kan natuurlik ons eie kop volg; dit is ons keuse. Paulus beskryf dit dan as “in die vlees wees” of “deur jou ou natuur beheer word”. Maar dan moet ons besef wat ons ontbeer: naamlik om deur die lewende God self gelei te word. En Hy is immers die Een wat net die beste vir ons wil. Hy wil, as ons Vader, in die detail van ons behoeftes voorsien. Hy het juis Sy Seun gestuur om ons te bedien met lewe, en dit in oorfloed.

Daarom bid Paulus daar in Ef. 1:15-21: *“Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus ...hou ek ook nie op om God vir julle te dank nie. Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat ... God ...deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy ...”*

Hoor jy? Die Gees van God in ons wil ons lei ...

- Om God beter te leer ken. Om meer van Sy liefde, Sy krag en Sy heerlikheid persoonlik te leer ken deur persoonlike ervaring.
- Om te verstaan waarvoor God jou geroep het en hoe Hy jou baie spesifiek, uniek, wil gebruik
- Om meer van die ontsaglike diversiteit en veelkantigheid van jou erfenis en ryk-wees in Jesus te ontdek
- Om meer en meer te ervaar hoe die krag van die lewende God – ja dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het – uit en deur jou lewe, jou woorde, jou hande, jou bediening na mense toe kan stroom as die Gees van God deur Sy gawes en Sy krag mense en situasies rondom jou begin bedien.

Kan jy jou voorstel dat jy soos Jesus, tussen mense kan inbeweeg, en onder die leiding van die Gees, mense een na die ander, wat siek is, begin bedien en beleef hoe God hulle genees! Kan jy jou indink in situasies waar jy na iemand kyk en God net vir jou 'n profetiese woord of 'n woord van detail-kennis oor iemand gee wat jy dan aan daardie persoon moet oordra, en soos jy net gehoorsaam, sien en ervaar jy hoe daardie persoon beleef dat die lewende God self met hom of haar gepraat het!

So wil God ons gebruik as erfgename in Christus Jesus. Maar dit is nie net as die krag van die gawes deur ons vloei nie. Mense moet ook meer en meer van die karakter en hart van Jesus in ons lewens ervaar. Dit kan net gebeur as ons onder die beheer van God se Gees is. Net dan, sê Paulus daar in Gal. 5: 16-25, kan die Gees van God kenmerke soos liefde, vrede, vriendelikheid, geduld en selfbeheersing in ons lewens bewerk.

Wat 'n uitdaging! Wat 'n heerlike roeping! Om heeldag gelei te word deur God se Gees in jou. Dit is waarvoor ons God moet vertrou. Dit is die keuse voor jou en my elke dag, elke oomblik.

Dan kan gebeur wat in hierdie verhaal gebeur het: Twee seuns het langs mekaar geboer en soos dit soms gaan, aan die stry geraak. Die gevolg was dat 'n geweldige emosionele kloof tussen hulle gekom het. En dit nadat hulle vir 40 jaar letterlik hand-aan-hand geboer het. Voorheen het hulle alles met mekaar gedeel: masjinerie, arbeiders, en voertuie. En skielik, as gevolg van die misverstand tussen hulle, het hulle kort-kort mekaar die hare ingevlieg en toe mekaar soos gif begin vermy.

Een oggend is daar 'n klop aan Johan, een van die broers, se deur en toe hy oopmaak, staan daar 'n man voor sy deur met die tipiese gereedskap van 'n skrynwerker, wat werk soek.

Johan neem hom toe in diens en sê vir hom: Sien jy die plaas daar oorkant die kloof? Dit is my buurman, my jongste broer, om die waarheid te sê. Tot verlede week het was daar net 'n laagte tussen ons, maar toe neem hy die stootskrapeer en stoot die loop van die rivier so dat daar nou 'n rivier tussen ons is. Wel, as hy my so wil vermaak, sal ek hom wys. Ek kan dit nog beter doen. Sien jy daardie hoop planke wat daar lê? Neem dit, en bou 'n muur ... 'n agt-voet-hoë muur tussen ons sodat ek nie sy huis of sy gesig meer kan sien nie!

Hy help toe die skrynwerker om al die planke tot by die rivier te kry, en toe gaan hy dorp toe. Die heeldag werk die skrynwerker baie hard: meet en pas, saag en kap. Na sonder kom die boer terug, net om te sien dat die skrynwerker blykbaar klaar is met sy werk.

Toe die boer egter die werk gaan inspekteer, val sy mond van verbasing oop, want in plaas van 'n 8 voet hoë muur, is daar 'n netjiese brug oor die rivier gebou, met handrelings en al ... en sy buurman, sy boer, kom daarop aangestap met sy uitgestrekte hande.

Johan kyk na die skrynwerker en sê vir hom: "Jy is 'n baie dapper man om 'n brug te bou tussen ons na alles wat ek gesê het."

Die twee broers staan eers so 'n ruk vir mekaar en kyk en toe vat hulle mekaar se hande. Toe hulle omdraai, sien hulle die skrynwerker wegstap met sy gereedskap.

“Nee, wag” sê hulle, “daar is nog baie ander werk op die plaas wat jy kan doen. Bly ‘n rukkie langer.”

“Nee” sê die skrynwerker. “Daar is nog baie ander brûe wat ek moet gaan bou.”

“Geseënd is die vredemakers” sê Mat. 5:9, “want hulle sal kinders van God genoem word.”

Kom ons vertrou God om ons so te vervul met Sy Gees dat mense sal weet kinders van die lewende God woon en werk hier tussen hulle.

## Hoofstuk 11 Jy erf om ander te dien

Jy besef seker teen hierdie tyd dat jy nie week vir week aan die voete van God sit net om self bedien te word nie. God bedien jou sodat jy ander kan bedien. Dit werk altyd so.

Vir drie jaar het 'n paar manne en vroue saam met Jesus dag vir dag gestap en geleef, maar om 'n dag het Hy vir hulle gesê: Julle sal krag ontvang as die Heilige Gees oor julle kom en julle sal My getuies wees ...

Laat ek dadelik sê, in ons geval, duur dit nie meer drie jaar nie. Na die uitstorting van die Heilige Gees is die normale Bybelse model: Inkeer, bekering en openbare belydenis, doop en bid vir die doping met die Gees, alles op een dag as dit moontlik is (bv. Hand. 2:38,39), sodat God jou dadelik in ander mense se lewens kan gebruik, ja, selfs kan gebruik om bonatuurlike dinge te laat gebeur.

Daarom kom Petrus daar in 1 Pet. 2:9 en 10 en sê: *“Julle, daarenteen, is ‘n uitverkore volk, ‘n koninklike priesterdom, ‘n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.”*

Jy, as Nuwe Testamentiese erfgenaam, is 'n mens met 'n nuwe identiteit en 'n roeping op jou lewe. Jy mag nie toelaat dat die lewe en die dinge wat met jou gebeur, jou laat vergeet wie jy in werklikheid is nie. Jy mag nie toelaat dat jy net een van derduisende ander word wat bloot elke dag probeer oorleef nie. Daar is 'n hoër roeping op jou lewe.

- Jy is 'n kind van die Koning van alle konings en daarom geroep om koning te wees. Geroep om te heers oor situasies en uitdagings. Jy is niemand en niks se slaaf nie. Alle outoriteit behoort aan Jesus, jou Here en Koning, en Hy het jou aangestel om Hom en Sy koninkryksbesigheid in jou vriende- en werkskring te verteenwoordig. Daarom is jy in daardie huwelik of in daardie verhouding waarin jy tans is. Sodat mense van Jesus bewus kan raak; en van die impak van die totale verlossing wat Hy vir mense bewerk het. Dit is asof jy Sy kroon hier op aarde moet dra en Sy ring.
- Jy is bedoel om daardie mense vir wie jy lief is, rondom jou, by God te verteenwoordig elke dag as jy vir hulle intree in gebed (Joh. 17; 1 Tess. 5:17). Maar jy is ook geroep, as Nuwe Testamentiese priester, om God by hulle, in hulle midde, te verteenwoordig elke dag; soos Jesus, ons beste voorbeeld van hoe 'n priester werklik lyk. Deur die offer van jou hele lewe (Rom. 6:13,16). Deur die manier hoe jy jou liggaam eer en versorg. Deur die lof en dankbaarheid teenoor God, wat uit jou mond stroom (Heb.13:5). Deur die goeie dade wat jy elke dag ongevraagd doen (Heb. 13:16). Deur jou finansiële ondersteuning van geestelike leiers en bedieninge wat die Here vir jou op die hart lê (Fil. 4:18)

- Ja, 'n groot deel van jou getuienis onder mense, kan jy verwag, gaan ook profeties wees. 1 Kor. 14 sê immers dat God ons elkeen ten minste in die gawe van profesie in mense se lewens wil gebruik; ook vir jou.

Daarom sê 1 Pet. 4:10-16: *“As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien. As iemand die gawe ontvang het om Woord te bedien, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlijkheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen.”*

Maar wees gewaarsku, want vers 14 tot 16 sê: *“Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie. Wees liever bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlijkheid. Geseënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus. Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlijkheid behoort, die Gees van God, op julle bly. As een van julle ly, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n misdadiger of 'n kwaadstoker nie. Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik.”*

Ek wil afsluit met 'n profetiese woord wat jy moet toets. Maar ek glo dit is God se Woord nou vir jou en my.

“Weet julle dan nie dat julle die mense is wat God self met Sy hand uitgekies het om Sy werktuie te wees vir nou nie? Besef jy nie dat jy deel is van 'n uitgesoekte, heilig-anderse groep mens, letterlik bedoel om koning en priester te wees, wie se lewe My heerlijkheid teenoor 'n ongelowige en siniese wêreld moet vertoon nie?

Ek het julle geroep en Ek wil julle toerus om met bonatuurlike hemelse krag tussen mense te lewe.

As jy heelyd onseker is oor jou ware identiteit ... oor wie jy is, waar jy werklik hoort en wat die sin is van jou lewe ... hoe kan jy die mens wees wat jy bedoel is om te wees?

Daarom sê Ek weer vir jou: Jy is deel van My volk op aarde, een van My van-binne-af-nuutgemaakte mense, wat Ek gekies het om My mantel van outoriteit te dra. Ek wil jou gebruik om mense te bedien met genesing en met 'n getuienis hoe om werklik 'n wenner te wees.

Dit is mos rede om oor opgewonde te raak. Om God oor te loof en te verheerlik.

In My Woord het Ek gesê Ek wil julle gebruik om die vyand en sy werke te vernietig.

Hou dus op om heelyd soos 'n hulpelose slagoffer te dink en te lewe. Staan op, laat My Gees in jou jou bekragtig en inlei in My teenwoordigheid. Kom en laat Ek jou bewus maak van die opstandingskrag in jou deur die werking van My Gees wat lewe aan jou kan bedien, en jou kan vrymaak van alles waarmee die vyand jou tot dusver gebind het.



Het Ek nie bedoel dat julle lig moet wees nie? Soos lampe op 'n stander of 'n stad bo-op 'n berg, vir almal om te sien.

Kom, spandeer tyd saam met My dat Ek jou kan seën, sodat jy tot seën vir ander kan wees. Kom dat Ek met jou van aangesig tot aangesig kan praat, sodat jy iets het om vir ander te sê.

Moenie dink Ek kan jou nie gebruik nie. Ek is so moeg van mense wat heelyd sê: Ek kan nie ... En dit terwyl Ek, die lewende God, jou self geroep het. Ek het jou 'n verhoog gegee. Ek is besig om die deure voor jou oop te maak. Moenie nou ongelowig wees en terugstaan nie. Moenie My genade en krag onderskat nie. As jy voel jy het krag nodig of verlossing nodig, vra My en Ek sal dit gee sodat jy in vryheid die uitdagings kan hanteer wat gaan opduik. As Ek mense vrygemaak het, is hulle werklik vry. Moenie langer uit vrees funksioneer of optree nie, want vrees is 'n wrede heerser wat jou totaal wil inpalm en uiteindelik jou hele lewe kan vernietig.

Ek soek mense wat bereid is om dapper op te staan en hulleself aan te meld vir diens. Wat bereid is om geloofsmense te wees en nie langer net vas te kyk teen omstandighede nie. Wat kies om op te staan uit selfbejammering of passiwiteit en in geloof die tree te gee wat Ek van hulle vra.

Soek My, My koninkryk en My wil met jou lewe, en jy sal beleef hoe daar in al jou behoeftes voorsien word.”